**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr.: 2457/2006

In die aansoek van:

**LOURENS JOHANNES FERREIRA** Applikant

**IN RE:**

**PAULINE GLADYS FERREIRA** Die pasiënt

(Vir die aanstelling van 'n Kurator *Bonis*
oor die persoon en goed van die pasiënt)

en

**MICHELLE GLADYS FERREIRA** 1ste Respondent
(toegetree)
**THOMAS IGNATIUS FERREIRA** 2de Respondent
(toegetree)

---

**CORAM:** VAN ZYL, R

---

**AANGEHOOR OP:** 9 JUNIE 2006

---

**GELEWER OP:** 12 JUNIE 2006

---

[1] Hierdie is 'n dringende aansoek vir die aanstelling van 'n kurator *bonis* vir Pauline Gladys Ferreira, hierinlater na

verwys as “die pasiënt”, op die basis dat sy onbevoeg is om haar eie sake te behartig. Die applikant, Lourens Johannes Ferreira, is die pasiënt se jongste (38 jaar oud) seun. Die aansoek is in die gebruiklike vorm vir die aanstelling van ‘n kurator *bonis*, soos ook voorgeskryf deur Hofreël 57, met die gevolg dat daar eers vir die aanstelling van ‘n kurator *ad litem* gevra word as die eerste stap in die proses om eventueel ‘n kurator *bonis* aan te stel.

[2] Dit blyk uit die aansoekstukke dat die pasiënt drie kinders het, synde die applikant, ‘n dogter, Michelle Gladys Ferreira, (46 jaar oud) en nog ‘n seun, Thomas Ignatius Ferreira (49 jaar oud). Ten tyde van die aanhoor van die onderhawige aansoek het ‘n plaaslike advokaat, Mnr. Greyling, verskyn en aangedui dat hy instruksies het om namens die pasiënt se voormelde ander twee kinders te verskyn en in terme van Hofreël 6(4)(b) aansoek te doen vir verlof om die aansoek te opponeer en dus by implikasie om toe te tree as respondente. Hoewel Hofreël 6(4)(b) ‘n spesifieke prosedure voorskryf wat gevolg behoort te word

by so aansoek, het Mnr. Greyling versoek dat afgesien word van die tersaaklike prosedure gesien in die lig van die feit dat Mnr. Gilliland, wie namens applikant verskyn het, geen beswaar daarteen het dat die twee persone toetree as respondente nie. Mnr. Gilliland het toegegee, en na my mening heeltemal tereg, dat die ander twee kinders van die pasiënt wel ‘n belang by die aangevraagde regshulp het en dat hy dus nie namens applikant sinvol beswaar kan maak teen die verlening van so ‘n bevel nie.

[3] Gegewe die aard van die onderhawige aansoek en gegewe die feit dat die partye *ad idem* is dat so ‘n bevel onder die omstandighede verleen behoort te word, het ek die volgende bevel verleen:

> “Verlof word aan Michelle Gladys Ferreira en Thomas Ignatius Ferreira verleen om toe te tree tot die aansoek as eerste en tweede respondente onderskeidelik.”

[4] Hierop het Mnr. Greyling aangetoon dat hy sekere punte *in*

*limine* wou opper en argumenteer. Die eerste punt wat Mnr. Greyling geopper het, is dat die aansoek nie dringend van aard is nie deurdat daar nie aan die vereistes van dringendheid voldoen is nie. Hy het betoog dat dit duidelik uit die aansoekstukke blyk dat, op applikant se eie weergawe, die pasiënt ten laatste reeds sedert ongeveer middel 2005 nie meer in staat was om haar eie sake te behartig nie en dat applikant ook reeds op daardie stadium daarvan bewus was. Gevolglik, aldus die argument van Mnr. Greyling, is die bewerings met betrekking tot die onderskeie trustee ampte en direkteurs-amp wat die pasiënt beklee, nie geldige redes vir dringendheid nie, aangesien hierdie situasie reeds sedert 2005 heers. Die enigste sogenaamde "nuwe" omstandigheid wat opgeduik het, is die algemene prokurasie gedateer 5 September 2005 wat as Aanhangsel "M" tot die aansoekstukke aangeheg is en welke prokurasie, op applikant se weergawe, die eerste keer op Vrydag, 2 Junie 2006, tot sy kennis gekom het. In terme van hierdie algemene prokurasie het die pasiënt eerste respondent as haar

gevolmagtigde aangestel met uiters wye magte en bevoegdhede. Dit is applikant se saak dat dit duidelik uit die mediese getuienis blyk dat die pasiënt gedurende September 2005, synde die datum waarop sy na bewering die algemene prokurasie onderteken het, nie in staat was om 'n prokurasie te verly en te onderteken nie, omdat sy nie kon weet wat sy doen nie. Volgens Mnr. Greyling voldoen die bewerings met betrekking tot die algemene prokurasie nie aan die dringendheidsvereistes soos gestel in Hofreël 6(12)(b) nie.

[5] Ten spyte van Mnr. Gilliland se betoë tot die teendeel, moet ek met Mnr. Greyling se argument saamstem. Hofreël 6(12)(b) bepaal as volg:

> "In elke beëdigde verklaring of petisie wat ter ondersteuning van 'n aansoek ingevolge paragraaf (a) van hierdie subreël ingedien word, moet die applikant uitdruklik die omstandighede vermeld wat volgens hom die aangeleentheid dringend maak en die redes waarom hy beweer dat hy nie mettertyd wesenlike verhaal by gewone beregting sal kry nie."

Na my mening maak die blote bestaan en bewuswording van die algemene prokurasie *per se* nie die aansoek dringend van aard nie. Ek moet ook net vermeld dat die bewerings met betrekking tot applikant se bewuswording van die bestaan van die algemene prokurasie uiters karig is, deurdat 'n mens sou verwag dat applikant sou openbaar hoe en onder watter omstandighede die prokurasie skielik tot sy kennis gekom het. Voorts word geen bewering deur applikant gemaak dat dit nou ook tot sy kennis sou gekom het dat eerste respondent byvoorbeeld haar bevoegdhede in terme van die algemene prokurasie sedert September 2005 misbruik het of dat hy gegronde rede het om te vermoed dat sy dit nou in die nabye toekoms gaan misbruik nie. Inteendeel, in paragraaf 9 van die funderende verklaring maak applikant die volgende bewering:

> "Ek was ten volle op hoogte van die pasiënt se persoonlike en finansiële sake <u>en is steeds ten volle op hoogte daarvan</u>." (eie onderstreping)

Desondanks is daar geen bewering dat eerste respondent die finansiële sake van die pasiënt tot die pasiënt se nadeel of tot eerste respondent se persoonlike voordeel bestuur voortspruitend uit die prokurasie nie. Gevolglik moet ek die afleiding maak dat eerste respondent tans nie die prokurasie misbruik nie. Indien dit so is, blyk daar geen rede te wees waarom die aansoek nie ooreenkomstig die gewone prosedures en tydsbepalings geloods kon word nie. Indien hierdie aansoek van kommersiële aard was, sou dit beslis die einde van applikant se aansoek gewees het. Vanweë die aard van hierdie aansoek en inaggenome my verdere bevindings later in hierdie uitspraak gemaak, meen ek egter dat dit in belang van die pasiënt en die beskerming van die belange van die pasiënt is dat ek hierdie wesenlike formalistiese gebrek in die aansoek kondoneer en eerder 'n praktiese benadering volg deur wel die aansoek te bereg. Die aansoek is nou voor die hof, alle tersaaklike partye is voor die hof, hierdie tipe aansoeke is tot 'n mate inherent dringend en weereens gegewe my

verdere bevindings hierin gemaak, meen ek nie dat enige party benadeel sal word indien ek die aansoek op hierdie stadium aanhoor en bereg nie. Hierdie tegemoedkomende benadering moet beslis nie as 'n presedent beskou word nie en word slegs gedoen vanweë die aard en besondere omstandighede van hierdie betrokke aansoek.

[6] Die tweede punt *in limine* wat Mnr. Greyling geopper het, is dat die aansoek nie voldoen aan die vereiste van hoogste goeie trou wat in 'n *ex parte* aansoek geld nie. In die verband het Mnr. Greyling betoog dat daar die volgende tekortkominge in die aansoek bestaan:

1. Applikant toon nie aan dat hy die voorgenome aansoek met eerste en tweede respondente bespreek het alvorens hy dit geloods het nie.

2. Applikant dui nie aan dat eerste en tweede respondente gekant is teen die verlening van die aangevraagde regshulp, insluitende die aanstelling van 'n kurator *ad litem* nie, terwyl hy klaarblyklik

daarvan bewus was.

3. In paragraaf 20 van die funderende verklaring word die bewering gemaak dat 'n bevestigende beëdigde verklaring van ene Ella Groenewald, synde een van die getuies tot die ondertekening van die algemene prokurasie, aangeheg word tot die stukke, maar dit blyk dat hoewel dit aangeheg is, dit nie onderteken is nie.

4. Applikant dui nie aan wat sy persoonlike belang in die aansoek is nie, want gegewe die feit dat applikant geensins aantoon dat die pasiënt se sake tans wanbestuur word nie, blyk dit, aldus Mnr. Greyling se betoog, dat applikant een of ander persoonlike belang in die aansoek het.

[7] Die vereiste van hoogste goeie trou in 'n *ex parte* aansoek en die gevolge van die nie-nakoming daarvan, word as volg in **Superior Court Practice, Erasmus *et al* op B1-42** saamgevat:

> "Good faith is a *sine qua on* in *ex parte* applications. If any material facts are not disclosed, whether they be wilfully suppressed or negligently omitted, the court may on that ground alone dismiss an *ex parte* application."

Sonder om met elk van voormelde kritiek afsonderlik te handel, meen ek dat hier, ten minste op nalatige wyse,

sekere wesenlike tersaaklike inligting nie openbaar is nie en sekere tekortkominge derhalwe in die aansoek bestaan. Ek het egter 'n diskresie in die verband, welke diskresie onder andere deur die volgende faktore beïnvloed word:

> "It seems to me that, among the factors which the Court will take into account in the exercise of its discretion to grant or deny relief to a litigant who has breached the *uberrima fides* rule, are the extent to which the rule has been breached, the reasons for the non-disclosure, the extent to which the Court might have been influenced by proper disclosure in the *ex parte* application, the consequences, from the point of doing justice between the parties, of denying relief to the applicant on the *ex parte* order, and the interests of innocent third parties, such as minor children, for whom protection was sought in the *ex parte* application."

Sien **COMETAL-MOMETAL S A R L v CORLANA ENTERPRISES (PTY) LTD** 1981 (2) SA 412 (W) op 414 G – H.

[8] Daar moet in gedagte gehou word dat Reël 57(2) in 'n

geval soos die onderhawige spesifiek voorskryf dat van ‘n *ex parte* prosedure gebruik gemaak moet word. Dit is derhalwe nie ‘n geval waar die applikant self die keuse van ‘n *ex parte* vorm van aansoek uitgeoefen het nie. Hoewel dit nie in die aansoekstukke so openbaar of vermeld is nie, het die applikant wel die aansoekstukke op eerste respondent se prokureur beteken, welke betekening juis tot gevolg gehad het dat Mnr. Greyling in die aansoek kom verskyn het. Hoewel kennis van die aansoek nie aan tweede respondent gegee is nie, is applikant se betekening van die aansoekstukke op eerste respondent, wie beslis ‘n belang in die aansoek het, aanduidend daarvan dat applikant nie gepoog het om ‘n bevel spreekwoordelik te “snatch” nie. Verdermeer en soos meer volledig hieronder bespreek, raak hierdie aansoek eerstens en hoofsaaklik die belange van die onskuldige pasiënt en nie net die van die partye tot die aansoek nie. Dit is ‘n baie belangrike faktor wat ek in oorweging neem by die uitoefening van my diskresie. Na ‘n ewewigtige opweging van al hierdie feite en faktore, is ek voornemens om my diskresie ten gunste

van applikant uit te oefen deur nie bloot die aansoek af te wys vanweë gemelde tekortkominge daarin nie.

[9] Mnr. Greyling se derde en laaste punt *in limine* was tot dien effekte dat selfs indien ek nie die eerste twee punte *in limine* sou handhaaf nie, die aansoek in ieder geval van die hand gewys behoort te word deurdat applikant nie 'n behoorlike saak uitgemaak het vir die aanstelling van 'n kurator *ad litem* en/of 'n kurator *bonis* nie. Volgens Mnr. Greyling se argument maak applikant nie 'n saak uit dat daar 'n probleem met die behartiging van die pasiënt se sake bestaan wat die aanstelling van 'n kurator *ad litem* en 'n kurator *bonis* regverdig nie. In die verband het hy verwys na die saak van **JUDIN v WEDGWOOD AND ANOTHER** 2003 (5) SA 472 (WLD).

By nalees van laasgenoemde saak, is ek egter van mening dat dit nie steun bied vir 'n argument dat daar noodwendig 'n probleem met betrekking tot die behartiging van die pasiënt se sake moet bestaan alvorens 'n kurator *ad litem*

en kurator *bonis* aangestel sal word nie. My begrip van daardie saak is dat die rede waarom die bevel nie verleen is nie, was omdat die applikant in daardie saak nie voldoende mediese getuienis aangebied het om *prima facie* aan te toon dat die pasiënt in daardie saak nie in staat is om sy eie sake te behartig nie. In ieder geval is die feite van daardie saak in totaliteit onderskeibaar van die feite in die onderhawige geval.

[10] Ter oorweging van Mnr. Greyling se voormelde derde punt *in limine* dat daar nie ‘n behoorlike saak vir die aanstelling van ‘n kurator *ad litem* uitgemaak is op die huidige aansoekstukke nie, kon ek geen gesag vind tot dien effekte dat daar enige addisionele vereiste bestaan vir die aanstelling van ‘n kurator *ad litem* anders as dat daar *prima facie* aangetoon moet word dat die pasiënt nie in staat is om sy eie sake te behartig nie. Al die sake wat ek kon vind waar daar ‘n bestrede aansoek was met betrekking tot die aanstelling van ‘n kurator *ad litem* en sodanige kurator *ad litem* nie aangestel was nie, was in omstandighede waar

daar nie op 'n oorwig van waarskynlikhede (laasgenoemde toets inagenome dat dit bestrede was) aangetoon is dat die pasiënt nie in staat is om sy eie sake te behartig nie. Gegewe die mediese getuienis in die onderhawige geval, is ek egter wel *prima facie* oortuig dat die pasiënt nie in staat is om haar eie belange te behartig nie en noodsaak dit dus *prima facie* die aanstelling van 'n kurator *ad litem* om daarna ondersoek te doen. Origens voldoen die aansoek ook aan die neergelegde vormvereistes en beskik applikant oor die nodige *locus standi* om die onderhawige aansoek te geloods het. Mnr. Greyling se derde punt *in limine* kan derhalwe na my mening ook nie slaag nie.

[11] Mnr. Greyling het verder versoek dat indien ek nie die punte *in limine* sou handhaaf nie, die respondente die geleentheid gegee behoort te word om opponerende verklarings te liasseer op die meriete ten einde die aanstelling van die kurator *ad litem* te opponeer. Op 'n spesifieke vraag van myself of die respondente se opponering nie meer van pas en relevant sal wees ten tyde

van die beregting van die vraag of daar ‘n kurator *bonis* aangestel moet word, al dan nie, het Mnr. Greyling egter aangedui dat dit sy spesifieke instruksies is dat respondente ook die aanstelling van ‘n kurator *ad litem* wil opponeer.

[12] Die vraag wat derhalwe nou ontstaan, is hoe die aansoek verder hanteer moet word. Ek het die verskillende opsies deeglik oorweeg. Na my mening is dit nie gewens en/of doelmatig dat respondente die geleentheid gegee word om opponerende verklarings met betrekking tot die vraag of ‘n kurator *ad litem* aangestel moet word, al dan nie, te liasseer nie. Nie net gaan dit ‘n onnodige duplisering van koste tot gevolg hê nie (want indien hul opponering onsuksesvol sou wees en ‘n kurator *ad litem* wel aangestel word, gaan hulle waarskynlik verdere opponerende verklarings wil liasseer nadat die kurator *ad litem* se verslag beskikbaar geraak het en die vraag met betrekking tot die aanstelling van ‘n kurator *bonis* bereg staan te word), maar gaan dit, inaggenome die bevindings wat ek nou gaan

maak, geen doel dien nie. Nie net is ek reeds op hierdie stadium *prima facie* oortuig dat die pasiënt nie in staat is om na haar eie belange om te sien nie, maar is ek ook van mening dat dit essensieel geword het dat iemand na haar en haar belange in en gedurende die beregting van die onderhawige dispuut tussen die applikant en die respondente omsien en haar hierin verteenwoordig. Ek het 'n inherente jurisdiksie om 'n kurator *ad litem* aan te stel om na die belange van 'n persoon om te sien in regsgedinge indien ek van mening is dat hulle nie self in staat is om dit te doen nie. (Sien **SANTAM INSURANCE v BOOI** 1995 (3) SA 301 op 313 A – C.) Die aanstelling van 'n kurator *ad litem* vir die pasiënt kan en gaan geen effek op enige bestaande regte of belange van die respondente hê nie en kan hulle dus nie enigsins deur so 'n bevel benadeel word nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat die aanstelling van 'n kurator *ad litem* in 'n geval soos die onderhawige slegs 'n stap in die proses vir die aanstelling van 'n kurator *bonis* daarstel. Dit is nie regshulp wat 'n finale effek het nie. Die respondente sal gevolglik steeds

geregtig wees om die aanstelling van 'n kurator *bonis*, synde die finale regshulp, te opponeer indien hulle so sou verkies en sal die bevel wat ek voornemens is om te maak, ook daarvoor voorsiening maak. Sou hulle die aanstelling van 'n kurator *bonis* suksesvol opponeer, sal hulle en die pasiënt waarskynlik ook een nie enige verlies met betrekking tot koste lei nie, aangesien die applikant in so 'n geval in ieder geval waarskynlik gelas sal word om die koste van die aansoek te betaal. Ek is gevolglik voornemens om wel op hierdie stadium 'n kurator *ad litem* vir die pasiënt aan te stel.

[13] Wat die magte, bevoegdhede en verpligtinge van die kurator *ad litem* in die onderhawige geval betref, is ek van mening dat vanweë die besondere omstandighede van hierdie aansoek, die kurator *ad litem* nie net aangestel behoort te word om ondersoek te doen na die vermoë van die pasiënt om haar eie sake te behartig, al dan nie, maar ook om haar spesifiek te verteenwoordig in hierdie aansoek en dus om te sien na haar en haar belange hierin.

[14] Wat die voorgestelde kurator *ad litem* betref, is hy, synde Advokaat J.A. Fourie, 'n gerespekteerde advokaat wie se onafhanklikheid en objektiwiteit bo verdenking is. Ek meen gevolglik dat daar geen rede bestaan waarom 'n ander kurator *ad litem* dan hy aangestel hoef te word nie. Hoewel die onderhawige tipe aansoeke en die ondersoeke wat deur 'n kurator *ad litem* gedoen moet word, tot 'n groot mate in ieder geval inherent dringend is, meen ek dat die feite en omstandighede van hierdie geval sodanig is dat ek voornemens is om die kurator *ad litem* spesifiek te versoek om sy ondersoek en verslag so spoedig doenlik af te handel.

[15] Volledigheidshalwe word vermeld dat aangesien daar gedurende die argumentering van die onderhawige aansoek sekere feite aan die lig gekom het wat nie uit die aansoekstukke blyk nie, maar waarna ek in hierdie uitspraak verwys, meen ek dat dit noodsaaklik is dat 'n afskrif van hierdie uitspraak ook aan die kurator *ad litem* en

die Meester verskaf moet word.

[16] Dit is laastens nodig om sekere opmerkings oor koste te maak. Bede 4 van die Kennisgewing Mosie bevat die gebruiklike bede tot dien effekte dat die koste van die aansoek deur die boedel van die pasiënt betaal moet word. Gedurende die aanhoor van die argumente in die hof, het Mnr. Gilliland aangetoon dat gegewe voormelde gebreke in die aansoek wat tydens argumente uitgewys is en in besonder ten einde applikant se *bona fides* met die bring van die onderhawige aansoek aan te toon, applikant voormelde bede ten opsigte van die koste abandoneer en is hy bereid om die koste van die aansoek en van die kurator *ad litem* betaal. Ek meen dat indien die Verhoorhof wat eventueel die aanstelling van die kurator *bonis* gaan bereg, van oordeel sou wees dat 'n kurator *bonis* vir die pasiënt aangestel moet word en dat applikant se aansoek dus geregverdigd was, sodanige hof in die uitoefening van sy diskresie waarskynlik sal gelas dat die koste van die aansoek, wat insluit die koste van die kurator *ad litem*, in

ieder geval deur die boedel van die pasiënt betaal moet word. Dit sal egter op daardie stadium bereg word. Wat ek egter wel meen nou deur my bereg moet word, is die koste van die verskynings op 9 Junie 2006. Soos reeds bevind, voldoen die aansoek nie behoorlik aan die vereistes met betrekking tot dringendheid en *ex parte* aansoeke nie. Die feit dat ek in die uitoefening van my diskresie besluit het om dit te kondoneer, doen nie afbreuk daaraan dat respondente dus op geregverdigde en gegronde basis die aansoek op 9 Junie 2006 opponeer het by wyse van die punte *in limine* nie. Gevolglik is ek van mening dat dit reg en billik is dat applikant gelas moet word om die koste van die verskynings op 9 Junie 2006 te betaal, wat insluit respondente se verskyning op 'n geopponeerde basis. Die koste ten opsigte van die opstel van die aansoekstukke as sulks, moet egter na my mening koste in die aansoek wees, welke dan bereg sal word ten tyde van die beregting van die aanstelling van 'n kurator *bonis*.

[17] In die vooropstelling maak ek die volgende bevele:

1. Die applikant se nie-nakoming van die Hofreëls met betrekking tot uitreiking en proses word gekondoneer en die aansoek word op 'n dringende basis aangehoor.

2. Advokaat Jan Albert Fourie word as kurator *ad litem* vir die pasiënt, Pauline Gladys Ferreira, aangestel, met die volgende magte, bevoegdhede en verpligtinge:

2.1 Om so spoedig doenlik ondersoek in te stel na die bevoegdheid, al dan nie, van die pasiënt, Pauline Gladys Ferreira, om haar eie sake te behartig en na die wenslikheid, al dan nie, om 'n kurator *bonis* oor haar goed en/of haar persoon aan te stel;

2.2 Om na die belange van die pasiënt in die onderhawige aansoek om te sien en die pasiënt in die onderhawige aansoek te verteenwoordig, wat insluit die bywoning van alle hofverrigtinge met betrekking tot die onderhawige aansoek.

3. Verlof word aan voormelde kurator *ad litem* verleen om skriftelik aan die hof verslag te doen met betrekking tot die aspekte 2.1 en 2.2 hierbo vermeld, en daarna sodanige aanvullende skriftelike verslag te liasseer soos hieronder in paragraaf 8 voor voorsiening gemaak.

4. Vir doeleindes van die voormelde kurator *ad litem* se uitvoering van sy verpligtinge hierin, moet 'n afskrif van hierdie uitspraak aan hom verskaf word.

5. Applikant word gelas en beveel om sodra die kurator *ad litem* se verslag met betrekking tot die aangeleenthede in paragraaf 2 hierbo vermeld, ter hand kom, onverwyld 'n afskrif daarvan op eerste en tweede respondente se prokureur van rekord te beteken.

6. Eerste en Tweede respondente word gelas en beveel om, indien hul steeds wens die aansoek vir die aanstelling van 'n kurat*or bonis* te opponeer, binne 5 (vyf) dae nadat die kurator *ad litem* se verslag beteken is soos in paragraaf 5 hierbo voorsien, skriftelik kennis te gee aan applikant se prokureur van rekord van hul voorneme om te opponeer en binne 7 (sewe) dae na liassering van

sodanige skriftelike kennisgewing, hulle opponerende beëdigde verklarings te liasseer.

7. Applikant word gelas en beveel om daarop sy repliserende verklaring, indien enige, te liasseer binne 7 (sewe) dae na liassering van eerste en tweede respondente se opponerende beëdigde verklarings.

8. Die kurator *ad litem* word gemagtig en gelas om, indien hy dit nodig ag na aanleiding van die bewerings in die opponerende en repliserende beëdigde verklarings onderskeidelik, 'n aanvullende skriftelike verslag te liasseer binne 7 (sewe) dae na liassering van die repliserende verklaring, alternatiewelik binne gemelde tydperk skriftelik aan te toon dat hy volstaan met sy aanvanklike verslag.

9. 'n Afskrif van hierdie hofbevel sowel as van al die verklarings en verslae in hierdie aansoek geliasseer

te word, moet op die Meester beteken word en die Meester word versoek om, om soos gebruiklik, die Hof van ‘n skriftelike verslag te voorsien.

10. Die aansoek kan as volg weer terrolle geplaas word:

10.1 Indien geen van die respondente skriftelik kennis gee van hul voorneme om die aansoek te opponeer binne die tydperk soos voorsien in paragraaf 6 hierbo nie, en dan wel ooreenkomstig die toepaslike Hofreëls en/of Praktyksreëls.

10.2 Indien een of beide van die respondente wel die aansoek opponeer, na liassering van die kurator *ad litem* se aanvullende verslag of skriftelike volstaning met sy aanvanklike verslag soos voorsien in paragraaf 8 hierbo, en dan wel ook ooreenkomstig die toepaslike Hofreëls en/of Praktyksreëls.

11. Applikant word gelas en beveel om die koste van die verskynings in die onderhawige aansoek op Vrydag, 9 Junie 2006, te betaal, wat insluit die eerste en tweede respondente se koste op ‘n bestrede basis.

12. Die koste van die opstel van die funderende aansoekstukke, is koste in die aansoek.

**C. VAN ZYL, R**

Namens die Applikant: Adv. J.G. Gilliland
In opdrag van:
Botha De Jager Ingelyf
BLOEMFONTEIN

Namens die Respondente: Adv. P.P. Greyling
In opdrag van:
Henry Johnson Prokureurs
BLOEMFONTEIN

/EM